# *Koördineerder:*

SENTRUM (GEORGE)

GEORGE

Akademia is ʼn Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het ʼn pos vir ʼn koördineerder: Sentrum (George) in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in George gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die koördineerder: Sentrum is verantwoordelik om nauurse afstandstudente (by ʼn sentrum of die e-leeropsie geregistreer) by die Akademia-gemeenskap en -studentelewe te betrek, asook om hulle op hul studiereis te ondersteun.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- ontsluit en koördineer verskeie blootstellingsaksies soos sport-, kuns en kultuur-, opvoedkundige en netwerkgeleenthede, om sodoende by te dra tot ʼn betekenisvolle vormingsreis vir die studente
- om die sentrum as ʼn ware akademiese tuiste vir die studente in die omgewing te vestig
- bied ondersteuning aan die streek se bemarkingsadviseur deur verhoudings met skole, sakelui en die omliggende gemeenskap te bou en te verdiep om sodanig bemarkings- en studentegeleenthede te ontgin
- bied ondersteuning met sentrumgebaseerde projekte en inisiatiewe soos sentrumopedae, inligtingsessies, saamwerkruimte-inisiatiewe, instellinggebaseerde funksies, eksterne funksies en sosiale aksies vir studente

## POSVEREISTES

- baccalaureusgraad (NKR-vlak 7)
- drie tot vyf jaar toepaslike ervaring
- kennis van Akademia en van die hoëronderwysomgewing in die algemeen
- ervaring in die koördinering van studente en studentelewe-aktiwiteite sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- uitnemende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede
- goeie probleemoplossing- en organiseringsvaardighede
- deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer
- koördineringsvaardighede asook implementerings- en uitvoeringsvermoëns
- vermoë om inisiatief te neem
- rekenaar-, algemene fasiliteitbestuursvaardighede en ʼn geldige bestuurslisensie

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 1 Desember 2025 ingedien word. Stuur ʼn e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ʼn aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.